

OTTERPAD 2022

ROETE: Stormsrivier na Nature's Valley

DATUM: 19 - 25 Oktober 2022

KOMMENTAAR

Die Otter is een van die “groot roetes” wat jy in jou lewe moet doen. Dit is dus met groot opgewondenheid dat 11 van ons die Woensdagoggend na Nature's Valley vertrek het om hierdie wonderlike en wilde stuk kuslyn vir vyf dae net vir onself te hê. Ons het 'n huis gereël vir verblyf voor en na die stap en dit het baie bygedra tot die lekkerte van alles. Ons braai die aand en almal skarrel om hul rugsakke reg te kry vir die stap waarna ons so lank uitgesien het. Die volgende oggend net voor 09:00 daag Burton Mlandu (pendeldiens) op om ons na die beginpunt by Stormsrivier te neem. Die papierwerk hier het nogals tyd geneem (almal moet inteken by die hek EN by die kantoor, mediese vorms ingee, en vrywaringsvorms invul). Dan volg die “briefing” met die hoofboodskap dat ons moet uitkyk vir die gety by die Lotteringrivier (Dag 3) en Bloukransrivier (Dag 4). Ons begin dus met drie dae se “gewone stap” en die wete (lees: “worry”) dat Dag 4 die dag is wat ons gaan toets. Dag 1 se stap neem ons vanaf die kantoor deur kuswoud tot by die see waar ons by die waterval vir middagete stop. Dit was bietjie koud vir swem. Dagbesoekers mag tot hier stap. Dan stap ons rustig verder tot by Ngubu se twee hutte – heel tevrede dat die eerste dag goed verloop het. Op Dag 2 begin die op- en afdaandes met mening, maar gelukkig is die klimme nooit baie hoog nie (behalwe die een na Bloubaai). Een stapper gesê het: “Ek sweet dan nou op die afdaandes ook.” Ons kruis Kleinbosrivier en stap verby Skilderkrans. 'n Klomp los hul rugsakke op die paadjie en stap af na Bloubaai. Net toe ons weer aan die stap is, val daar 'n vinnige bui reën. Scott se hutte is letterlik op die strand en ons het oorgenoeg tyd om op die hut se stoep te sit en kyk vir die see. Op Dag 3 moet ons eers oor die Geelhoutbosrivier en toe oor die Elandsbosrivier (waar party oor 'n rotsrif geklouter het en ander liever skoene uitgetrek het en deur die water geloop het). Ons kry toe die Lotteringrivier, wat 'n halfuur se stap vanaf die hut is, op hoogwater. Werner toets die water, wat vir die meeste van ons (behalwe Abrie) hoër as middellyf diep is en baie sterk trek soos die gety begin sak. Ons plak toe langs die rivier en eet middagete, maar ná 'n uur begin die mense kiewel en ons besluit om met survival bags oor die rivier te kom – 'n goeie oefenloop vir die volgende dag se Bloukrans. Die aand by Oakhurst se hutte het ons vroeg gaan slaap (dit was nog nie heeltemal donker nie) sodat ons 03:00 kon opstaan en 04:00 met flitse kon begin stap om die Bloukrans net na 08:00 op laagwater te kry. Die 10 km tot by die rivier sluit lekker stapbare paadjies in maar ook 'n rotsagtige stuk langs die kus waar jy jou hande uit jou broeksakke moet haal en 'n paar rotse moet omhels. Ons deel later die groep in twee sodat die vinnige groep ten minste oor die rivier kon kom (en die agterstappers desnoods die ontsnaproete neem). Op die ou end was daar ook 'n middelgroep. Mens loop nog so deur die bos en dan skielik sien jy die magtige Bloukrans voor jou. Maar daar is nie tyd vir bewoondheid of bang wees nie – ons moes deurdruk om oor die rivier te kom. Ons kon sien dat 2 mense reeds deur is en dat die middelgroep besig was om te begin oorstap. Die laaste groep het vinnig gereed gemaak vir die rivierkruising (trek skoene uit, sit alles in 'n survival bag en maak dit met kabelbinders toe, en begin oorstap terwyl jy koes vir die branders wat inkom). Op die ou end is almal veilig oor (via die sandsloep) en almal het 'n storie gehad om te vertel. Daarna volg die rotslysies (daar is nou 'n tou waaraan jy kan vashou). Ons stap rustig verder en kom moeg en dankbaar by André se hutte aan. Laatmiddag het 'n groot rooikat rustig op die strand voor die hut verby gedraf – nie iets wat mens aldag sien nie. Op Dag 5 stap ons oor die Kliprivier en klim weer die koppe uit tot op die eskarp met wonderlike uitsigte oor die see en die walvisse wat “ons die hele tyd gevolg het”. Ons stop vir iets te ete by die Helpmekaarrivier en toe weer voor die laaste klipperige afdaand na die strand by Nature's Valley om “net te sit en uitkyk oor die see” want die Otter is groot. Die laaste deel van die Otter sluit by Dag 1 van die Tsitsikamma-roete aan en ons loop die laaste paar kilometer deur die bos tot by De Vasselot-natuurreservaat waar ons almal uitteken en foto's neem. Ons eet die aand met “vyf dae se honger in ons” by die Blue Rocks restaurant op Nature's Valley. 'n Groot dankie aan Abrie Marais vir die stapleiding en aan Amanda Matthee vir die stapreëlins. Klimhoogte: 903 m.

STAPPER	LIDNOMMER	ADMINFOOI	KM	OPMERKING
Amanda Matthee	2022015	R 25	45	
Abrie Marais	2022035	R 25	45	
Koos Stander	2022078	R 25	45	
Elisma Maree	2022040	R 25	45	
Edna Terblanche	2022010	R 25	45	
Estelle Smuts	2022048	R 25	45	
Werner Dalziel	2022014	R 25	45	
Matilda le Roux	2022046	R 25	45	
Marinda Myburgh	2022062	R 25	45	
Santie Kies	2022072	R 25	45	
Ulla Esterhuizen	2022047	R 25	45	
TOTALE:		R 275	495	

NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:

Amanda

ITEMS GEBRUIK:

NAME OP WAGLYS

Geen

VERSLAG DEUR:

Amanda Matthee